
# 2022/23
# Jaarverslag/Annual Report

IN GELOOF VERANKER

Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys
Transoranje Institute for Special Education



# Everybody Smiles in the same language




# Contact Details | Kontakbesonderhede

## TRANSORANJE INSTITUTE FOR SPECIAL EDUCATION

174 Duxbury Road, Hillcrest, Pretoria 0083
Tel: 012 362 0660
Email: toibo@imaginet.co.za
NPO: 001-597
PBO: 130001311
**Website: www.toibo.org.za**

## HOËRSKOOL MARTIE DU PLESSIS VIR FISIESE, SEREBRAAL- EN LEERGESTREMDHEDE

Du Plooysingel 91, Fichardtpark, Bloemfontein
Posbus 31895, Fichardtpark 9317
Tel: 051 522 6801
E-pos: mdupschool@mdup.co.za
**Webwerf: www.mdup.co.za**

## PRINSHOF SCHOOL FOR THE VISUALLY IMPAIRED

19 Prinshof Street, Pretoria Central
PO Box 2817, Pretoria 0001
Tel: 012 328 4170
Email: info@prinshof.co.za
**Website: www.prinshof.co.za**

## SONITUSSKOOL VIR GEHOORGESTREMDES

Jan Coetzeestraat 180, Jan Niemandpark, Pretoria
Posbus 15408, Lynn East 0039
Tel: 012 800 1161 Faks: 012 800 1170
E-pos: info@sonitus.co.za
**Webwerf: www.sonitus.co.za**

## TRANSORANJE SCHOOL FOR THE DEAF

855 WF Nkomo Street, Pretoria West
PO Box 19036, Pretoria West 0117
Tel: 012 386 6072 / 082 554 3482 Fax: 012 386 6077
Email: transoranje2@gmail.com
**Website: www.transoranjeschool.co.za**

## TRANSVALIA SCHOOL FOR EPILEPSY AND LEARNING DISABILITIES

200 Jan Coetzee Street, Derdepoortpark, Pretoria
PO Box 15940, Lynn East 0039
Tel: 012 880 1420
Email: admin@valies.co.za
**Website: www.valies.co.za**

# Inhoud

# Contents


| | |
|---|---|
| 2 | Contact details |
| 4-5 | Uit die voorsitter se pen |
| 6-7 | From my desk |
| 7 | Management |
| 8 | Governance |
| 9 | Nuus uit die kantoor |
| 10-12 | Projects |
| 13 | Ways to get involved |
| 14-16 | Uitblinkers |
| 17-19 | Stories of hope |
| 20-21 | Ons groet |
| 22 | Statistics |
| 23 - 25 | Sonitusskool |
| 26 -27 | Prinshof School |
| 28 - 30 | Transoranje School |
| 31 - 34 | Martie du Plessis Skool |
| 35 - 37 | Transvalia-Skool |
| 38 - 39 | We acknowledge |
| 40 - 41 | Financials |
| 42 | Laaste groet |




## mission

To enable learners with special educational needs in the five Institute schools to reach their full potential by contributing physical resources and support within a Christian ethos.



## VISION

A needs driven Christian inspired and compassionate support for learners with special educational needs.



## values

Religious approach
Compassionate support
Empathy and love
Needs driven projects

# Uit die *Voorsitter* se pen

**Ds Francois Esterhuizen**

Sedert 1961 is die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) ten nouste verbonde aan haar vyf susterskole: Transoranje-Skool, Martie du Plessis Skool, Transvalia-Skool, Prinshofskool en Sonitusskool. Twee van die TOIBO-skole behaal hierdie jaar besondere mylpale: Prinshofskool word 60 jaar oud, en Sonitusskool 50 jaar.

TOIBO se leuse is *In Geloof Veranker*. Geloof in die woorde van die Hebreër-skrywer is 'n *vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie*. TOIBO moes die afgelope jaar in hierdie geloof leef, omdat ons nie in die toekoms kon insien nie. Die Instituut het die toekoms met hoop ingegaan, omdat die Instituut die afgelope 76 jaar kon sien en beleef hoe die kerke, borge, donateurs, boedels, maatskappye en finansiële instellings deur hul bydraes bygedra het tot die instandhouding van die Instituut. In die antieke wêreld het die gelowiges teruggekyk om vorentoe te kyk omdat uit die verlede beleef is en gesien is hoe God voorsien het. Dit is met hierdie vertroue dat die Instituut leef.

In November/Desember 2022 het die matriekleerders van die vyf LSOB-skole verbonde aan TOIBO die matriekeindeksamen geskryf. Die Instituut wil die vyf Instituutskole gelukwens met hul pragtige matriekuitslae – en nie net die matriekuitslae nie, maar die akademiese prestasies van elke leerder in elke graad.

The mission of TOIBO is to enable learners with special educational needs to reach their potential by means of physical resources and support within a Christian ethos. During the past year the Institute was able to subsidise underprivileged learners with school fees, hostel fees, school clothes and shoes, food parcels and feeding schemes. The Christian ethos is expressed in the mottos of the schools: *hope; forwards in faith; towards the light; through faith; and conquerors.* If members of the public were to browse through the webpages of the different schools, they would be enlightened about the successes and achievements of our learners. Successes and achievements that we celebrate with the learners, their teachers, support staff, parents and/or guardians.





The Institute wishes to thank all involved in the schools: the principals and their management teams, the school governing bodies for governance, the teaching staff, therapists, psychologists, social workers, nurses, kitchen staff and house mothers.

Dankie dat julle die kinders se volle potensiaal ontwikkel, sodat hulle hul regmatige plek in ons samelewing kan inneem. Jul harde werk word beloon in die getuienisse van jul oudleerders en hoe hulle in die samelewing in die arbeidsmag geïntegreer kon word.

Ons groet mev Arina Jooste wat vir 18 jaar aan TOIBO verbonde was. Jy was TOIBO se gesig na buite. Dankie vir jou getroue jare van diens, jou professionaliteit en die wyse waarop jy met die borge, skole en kerke geskakel het.

Die Instituut verwelkom mev Alta Koekemoer as nuwe uitvoerende beampte.

'n Besondere woord van dank aan die TOIBO-dagbestuur en uitvoerende beampte vir jul ondersteuning in 2022.

Ons gaan 2023 tegemoet met ons leuse:

*In Geloof Veranker.*



# From my desk



**Mev Alta Koekemoer**
Executive Officer

*Dit is met 'n glimlag en 'n vriendelike groet dat ek my plek inneem as nuwe uitvoerende beampte van die Instituut. Die lewe het my geneem op 'n pad waar ek die voorreg gehad het om vir die vorige 14 jaar betrokke te kon wees by fondswerwing ten bate van kinders met doofheid. Ek sien uit na die nuwe uitdaging, met dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader dat ek my passie vir kinders met gestremdhede kan uitleef, en dat ek 'n verskil kan maak in ons skole en in die lewens van ons kinders met spesiale onderwysbehoeftes.*



> "I want to touch the heart of the world and make it smile."
> — Charles de Lint

These words of Tori Amos come to my mind when I think about our very special children in the five Institute schools associated with TOIBO: ***Some of the most wonderful people are the ones who don't fit into boxes.*** All the children of the Institute schools are unique, each in his or her own way, and they often do not fit into the boxes that society prepares for them. Children with a disability are entrusted to our schools to care for them with compassion and to educate them to the best of our ability. It is truly an enormous responsibility to help these children develop into the best they can be so that they can enter the world with confidence. Thank you to the principals and all the staff members who ensure that the learners receive the best possible education.



Die Instituut se hoofdoel, naamlik om die skole by te staan om die behoeftes van ons behoeftige leerders te bevredig, word bereik met die donasies en skenkings vir Projek Sonskyn, Projek Volmagie, Projek Skoolskoene, Projek Waardigheid, Projek Onweer, en ander projekte. Verderaan in die verslag is 'n volledige uiteensetting daarvan. Ons dank en waardering aan die stigterslede en hul gemeentes, die besighede, trusts en private donateurs wat dit moontlik gemaak het om R1 028 690 aan die skole toe te ken in 2022. Van die 1 952 kinders in die vyf skole, ontvang ongeveer 817 hulp in die een of ander vorm.

Dank aan ons hemelse Vader wat die Instituut geseën het met donateurs wie se harte oop is en 'n buitegewone groot inkomste vir 2022 kon verseker.

The Institute is proud that the schools once again performed exceptionally well in the 2022 National Senior Certificate Examination.

A total of 100 matriculants took the exam and obtained a 99% pass rate. Only one learner will take the re-examination in June. The learners achieved 12 distinctions.

We proudly share the reports from the schools elsewhere in this report.

Congratulations to all the schools and all the learners on your beautiful achievements in 2022.



Laat ons in geloof veranker bly en met 'n glimlag op die gesig 2023 deurgaan.
Soos Moeder Teresa gesê het:

***Everytime you smile at someone,
it is an action of love, a gift to that person,
a beautiful thing.***

# The Management Team





**Rev F Esterhuizen**
**(Chairperson)**



**Dr SP van der Schyff**
**(1st Vice-chairperson)**



**Rev GPJ Stoltz**
**(2nd Vice-chairperson)**



**Mr AL Pretorius**
**(Additional Member)**



**Mrs AC Koekemoer**
**(Executive Officer)**

# TRANSORANJE INSTITUTE FOR SPECIAL EDUCATION

## GOVERNANCE OF THE INSTITUTE

### Founders*

### Members' Meeting

- Representatives of *founder members
- Management team
- Representatives of governing body of each school
- Staff member — executive officer
- School principals on invitation

Meet once per annum

### The 5 schools associated with TOIBO

Martie du Plessis School
Transvalia School
Sonitus School
Prinshof School
Transoranje School

### Executive Committee

- Management team
- Principals of five schools
- Executive officer

Meet twice per annum

### Management Team

- Chairperson
- Two vice-chairpersons
- One additional member
- Executive officer

Meet as often as required

### Day-to-day-management

Executive officer — Mrs Alta Koekemoer

### Delegates of the

- Reformed Churches in SA
- Netherdutch Reformed Church of Africa
- Dutch Reformed Church

Annual meetings

### *Founder members

The sponsoring body was appointed by the minister to promote special education and care for learners with disabilities in the schools associated with the Institute. TOIBO acts as a sponsoring body of these schools as defined in the Constitution.

# Nuus uit die kantoor




## Ledevergadering

Tydens die Ledevergadering wat by Transoranje-Skool vir Dowes gehou is, het die lede ook 'n klas besoek.

## GKSA Deputate

Die deputate van die GKSA betrokke by TOIBO tydens 'n klasbesoek aan die Grondslagfase by Prinshofskool.
*Van links na regs:*
Di Joop van Schaik, Arrie Stavast, Hardus Lee en Bernard Hattingh.







## Uitvoerende Komitee November 2022

Van links na regs (agter) Johan Stapelberg, Francois Esterhuizen, Francois van Heerden, Andries Pretorius;
(voor) Karin Swart, Leria Delport, Linda van der Merwe, Fanie van der Schyff

**Don't worry, my disability isn't contagious, but my smile is!**

# Our helping hand

TOIBO lends a helping hand to the Institute schools so that they can satisfy their needs and those of their underprivileged learners as far as possible.

We need donations to manage the following projects and put a smile on the faces of our children with disabilities:



## Project Sunshine

This project assists underprivileged children at the different schools with, among others, hostel fees, transport costs, a feeding scheme, clothing, toiletries, stationery, and unforeseen expenses.

Project Sunshine

## Support projects

Project Full Tummy

## Project Full Tummy

With this project we try to ensure that no child attends school or goes to bed on an empty stomach. Some learners receive meals at school, others receive packed lunches during breaks. Many learners receive grocery parcels to take home, especially during school holidays. Donations of cash or non-perishable food are appreciated.





## Project School Shoes

Many learners seldom receive new school shoes. We want to ensure that every underprivileged child has a fresh pair of school shoes that fits.

Project School Shoes

Project Warm Body

## Project Warm Body

Many of our children must endure public transport during cold winter mornings, and large cold classrooms. We want to ensure that every underprivileged child remains warm and healthy throughout the cold winter.





## Project Dignity

We try to avoid that the children are humiliated because of torn or too small school uniforms or other clothes, or because they must borrow other learners' stationery. Think of the embarrassment of girls who do not have the necessary sanitary ware to attend school, or any basic toiletries. With this project we try to collect enough products to assist the underprivileged learners. Donations of sanitary ware, stationery and clothing are always welcome.

Project Dignity



## Project Warm Body

Diaken Andries Pretorius saam met Hans & Evelene van der Merwe van NHKA Hartebeeshoek.

NHKA Hartebeeshoek
NG Kerk Moreleta
Gereformeerde Kerk Durban-Noord Susters
NHSV Waterberg
NHKA Pretoria-Oos



172 pare skoolskoene geskenk deur Midstream Familiekerk

Solidariteit Helpende Hand se Projek Help Hetta skenk elke tweede kwartaal sanitêre ware asook 'n bykomende artikel.

Help Hetta



## Project Dignity



## Project School Shoes



Die personeel van Transvalia-skool is bederf met hierdie geskenkie geborg deur TOIBO.






## Projek Leerkrag






Die personeel van Station Blend in Noordhoek is gereelde deelnemers. Baie dankie vir jul ondersteuning.

# Additional project




## Project Stormy Weather

The objective of this project is to offer discretionary financial support to the schools and to alleviate unforeseen needs and emergencies that cannot be covered by the school's budget or insurance and that fall outside the framework of the other projects.

Project stormy weather

**Donations of R1,028,690,07 were made to the schools in 2022 towards:**




**How to help:**

We ask for your support with financial contributions, as well as donations in kind so that we can manage these projects successfully. A Section 18A tax-deductible certificate is available.

**Transoranje Institute: ABSA, cheque account 020 840 145, branch code 632005.**

Please email the proof of payment and your contact details to toibo@imaginet.co.za so that we can thank you.

# Ways to put a smile on the face of a child with a disability

There are different ways to get involved. Be the one that makes a real difference in the lives of our children with disabilities!

### Cash donations

Section 18A tax-deductible certificates available:
**Transoranje Institute**
ABSA
Branch code: 632 005
Cheque account number: 020 840 145

### Other donations

Collect items such as clothing, toiletries, stationery and non-perishable food at your office, church, school, or from family and friends.

### Support Casual Day

The Institute participates in Casual Day via the infrastructure of the NCPD (National Council of and for Persons with Disabilities). Order stickers for your office, school, church, family and friends from TOIBO.

### Supporter cards

Get your free MySchool card and swipe it at participating stores such as Woolworths for the schools to benefit without an extra cent out of your pocket. Please choose TOIBO or one of our schools as a beneficiary.

### Pledge

Make a pledge and donate monthly — any amount can help make a difference!

### Koopkrag and Pretorium Trust

Donate monthly through your Koopkrag or Pretorium Trust account. Contact the TOIBO office for a donation form.

### Nominate us

Nominate TOIBO as your beneficiary on any program or fundraiser.

### Bequest or policy beneficiaries

Appoint TOIBO as a beneficiary of your will or policy. Contact your broker or lawyer to make TOIBO an heir.

Please email us your details when you donate, or if you wish to subscribe to our newsletter.

For more information, please contact the TOIBO office:
174 Duxbury Road, Hillcrest, Pretoria | 012 362 0660 | toibo@imaginet.co.za
**www.toibo.org.za**

# Uitblinkers!




## Matrikulante van 2022

Dit is met trots dat TOIBO weer kan aankondig dat al die Instituut-skole goed presteer het in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen van 2022.

Verskeie leerders het pragtige prestasies behaal. 100 leerders van die vyf Instituut-skole het die eksamen afgelê en 'n 99%-slaagsyfer is behaal.

Vier matrikulante van Hoërskool Martie du Plessis is onder die top ses leerders van LSOB-skole in die Vrystaat en saam het hulle vyf onderskeidings behaal. Die skool het ook 'n Goue-skool-toekenning ontvang vanaf die Vrystaatse Departement van Onderwys.





**Annemi Kirstein — Hoërskool Martie du Plessis — wenner van die Arina Jooste-trofee vir beste hokkiespeler.**



**Van links na regs is Zander de Jager, Anna-Marie Gelderblom, mnr Francois van Heerden (skoolhoof), Lesedi Phetlu en Victor Mew.**






Koketso Moloi



Destiny Edward saam met Arina Jooste

## Koketso Moloi is LSOB Speler van die Jaar

Koketso Moloi, een van Transoranje se senior dogters, is genooi na die Prestige Award-winning Celebration van die Gauteng Departement van Onderwys.

Sy het 'n merietetoekenning as LSOB Speler van die Jaar ontvang. Transoranje-Skool is baie trots op haar en glo dat sy nog groot hoogtes op die sportveld sal bereik.

## Destiny Edward is Prinshof School's Dux learner for 2022

He achieved a lovely academic accomplishment: an average of 75%. He obtained a distinction in Life Orientation, and the rest of his marks were between 73% and 79%.

Destiny's optional subjects were Mathematics, Physical Science and Computer Application Technology. Apart from the fact that he is a very hard worker, Destiny also served for two years as representative of the student body. He is also a splendid soccer player.

Destiny enrolled at the University of Pretoria for a degree in Mathematical Statistics.



## TOIBO Floating Trophy

**Victor Mew**

Die TOIBO-trofee by Hoërskool Martie du Plessis is toegeken aan die veelsydigste leerder in 2022.

Victor Mew is 'n leerder met trots en ambisie, en hy is 'n goeie ambassadeur vir die skool. Hy is hardwerkend en het 'n blink toekoms na sy goeie matriekuitslae.

# TOIBO
# Floating Trophy

This trophy at Sonitus School was awarded to a young man who performed exceptionally well academically, especially in his last five school years. He passed his National Senior Certificate Examination with two distinctions, for Afrikaans First Additional Language and Life Orientation. His results qualified him for baccalaureus study.

Hard work, perseverance and an exceptional drive for achievement made this learner stand out, head and shoulders, above the rest. He was our chairperson of the RCL (Representative Council of Learners) and led his team by example.



**Dux Award: Zarius Venter**

He experienced many ups and downs in his life, and he was a thorn amongst the roses in an English class, although he attended school in Afrikaans up to Grade 5.

We were proud to present this prestigious award to Zarius Venter for his dedication and achievements.



## The smile

"I had an extra smile
When I left the house today.
I thought I'd give it to someone
I passed along the way.
I tried to give the smile away
But incredibly
Each time I gave it to someone
They'd give it back to me.
So now I have a bunch of smiles,
What am I to do?
I think I'll keep a couple
And then give the rest to you!"

MamaKirs Sweet Rose of Thorns

# Stories of hope

## My story of hope... Jason Mc Mahon

My name is Jason Mc Mahon and I have been struggling with dyslexia all my life.
But a very, very special school called High School Martie du Plessis changed all of that for me.



I always had a dream of working with aircraft, flying them and maintaining them. I graduated from High School Martie du Plessis in 2018, and thanks to all the support and confidence-building that the school provided on a daily basis, I decided to follow my dream. In 2020 I started with my studies at 43 Air School in Port Alfred to become an AME (Aircraft Maintenance Engineer).

I qualified as an aircraft technician on 5 August 2022. It was one of the biggest challenges I've ever had to face in my life, but using my disability as my biggest ability, got me through it. Currently, I work in Cape Town for a company called Robin Coss Aviation, where we build Van's RV Aircraft. The best thing about this industry is that you can be creative.



You encounter problems, and more importantly, you find solutions to those problems. Nothing can describe the feeling when you see an aircraft that you built, flying for the very first time. I have a lot of plans for my future, especially to start flying someday. My success would never have been possible without all the incredible teachers and staff at Martie du Plessis.

# *Stories van hoop:* Izak Rohan Crafford

Die blinde het twee opsies. Hy kan blindheid óf tot die primêre definiërende faktor van sy identiteit maak, hom van die samelewing afwend en homself as iets besonders ag, óf hy aanvaar sy blindheid maar verstaan dit bloot as 'n stuk werklikheid wat nie sy identiteit as mens en omgang met die samelewing bepaal nie, selfs al spruit verskeie uitdagings daaruit voort.

Laasgenoemde is nie die maklikste opsie nie, maar, aangemoedig deur die opvoeding van my ouers en verskeie onderwysers, is dít die koers wat ek ingeslaan het. (Ek kan ook noem dat dit uit die perspektiewe van sowel siende as siggestremde persone die mensliker keuse is.)

Gevolglik het ek gedurende die Desembervakansie direk na my matriekeksamen met my toekomstige Latyn-tutor in verbinding getree en die eerste verkenning van die Hatfield-kampus van die Universiteit van Pretoria vir Januarie 2019 georganiseer – die begin van 'n uitdagende dog lieflike pelgrimstog om die wêreld te verken. Dit is immers ongelukkig so dat blindes dikwels vreeslik geïsoleerd leef en selde die geleentheid kry om goeie verhoudinge met nie-blindes op te bou.



Dit het ek veral besef nadat ek by 'n daghuis betrokke geraak het, waar ek, geïnspireer deur my eie uitstekende mentor, in my tweede en derde jaar ook as mentor gedien het. Sonder hierdie blootstelling aan siende mense en die opbou van stabiele vriendskapsverhoudinge, twyfel ek of my studies my sou kon lei tot waar ek nou gekom het.



Buitendien kan die liefde vir taal en literatuur slegs ontwikkel waar mensekennis en ervaring van menseverhoudinge bestaan. Dit is vir taalstudies dat ek ingeskryf het en ek het vroeg reeds besef dat dit die regte besluit was, selfs al wou ek op hoërskool plantkunde studeer.

Die liefde vir taal wat ek van my ma ontvang het en tydens my skoolloopbaan by Prinshofskool kon slyp, het my aangespoor om sowel Duits as Latyn ywerig aan te leer. As gevolg van my punte vir Duits in die eerste semester van my tweede jaar, het ek die uitnodiging ontvang om aan die literatuurbesprekings van die honneurs-letterkundestudente deel te neem, wat my Duitse taalvaardighede 'n goeie hupstoot gegee het en my toegelaat het om my liefde vir die taal te ontdek. Ten spyte van die inperking en die uitdagings wat daarmee gepaardgegaan het, het ek my voorgraadse studies in 2021 met onderskeiding afgesluit, met Engels en Duits as hoofvakke.





Maar dit is veral die Duitse taal en sy ryk skat van letterkunde en kultuur wat my aangetrek het, en ek het besluit om my honneursgraad in Duits te doen, wat ek aan die einde van verlede jaar, ook met onderskeiding, kon afsluit. As die Here wil, sal ek hierdie jaar my meestersgraad in Duits aanpak.

Bowendien het ek in November 2021 'n aanbod gekry om as assistentdosent van Duitse letterkunde op te tree, spesifiek vir die literatuurgeskiedeniskursus wat in die derde jaar van die Departement Antieke Taal en Kultuur se Duits-program aangebied word.

Die doel sou wees om praktiese ervaring op te bou om die didaktiekkursus wat ek verlede jaar gevolg het, aan te vul. Hierdie aanbod is aan die einde van verlede jaar weer gemaak, nadat ek 'n suksesvolle eerste doseerjaar agter die rug gehad het, en ek het dit met 'n blye hart aangeneem, veral omdat ek sedert ek klein was seker was dat ek in die onderwys sou beland.

Daar is min dinge wat soveel vreugde bring soos 'n groepie studente wat ywerig aan 'n bespreking van *Die Bürgschaft* van Schiller of 'n ander groot werk uit die Duitse letterkundegeskiedenis deelneem. Daarbenewens dien ek sedert 2021 as orrelis by die St Wilfrid's Anglikaanse kerk en het ek my by die studentebediening laat betrek. Sonder die Christelike grondslag sou ek nie kon onderrig soos ek dit graag wil doen en soos die studente wat aan my toevertrou word, verdien nie. Uitdagings kom dikwels voor, maar daar is altyd iemand tuis, aan die universiteit of by die kerk, wat bereid is om 'n helpende hand uit te strek.

Die blinde wie se wese deur sy blindheid bepaal word, bly eensaam en verstote op die verhoog agter, soos die hertog aan die einde van Friedrich Dürrenmatt se stuk *Der Blinde*. Sou ek wou hê dat 'n les uit bostaande ontstaan, is dit in die vorige sin saamgevat.

> "Die blinde wie se wese deur sy blindheid bepaal word, bly eensaam en verstote op die verhoog agter"



# Farewell

## DR WYNAND DE WET PRINCIPAL TRANSORANJE SCHOOL FOR THE DEAF

Dr Wynand de Wet, Pretoria-born, completed his school career at Hoërskool Oos-Moot, and obtained BA, BA (Hons) (Psychology), HED, MEd (Psych), and PhD at the University of Pretoria. Early in his career he became involved with Transoranje School for the Deaf, completing his internship in Educational Psychology there in 1987. He got married to Karin, a teacher at Transoranje.

Their two children, Carine and Jaco, were also closely involved with Transoranje. After compulsory military service, he rejoined Transoranje in 1990, first as an educational psychologist, then intern psychologist, and thereafter full-time psychologist. He was deputy principal from 1998, teaching several subjects. Apart from his school obligations, he formed an essential part of the then annual Christmas Market Committee, and he ensured that the school made progress technologically.

He was the acting principal from July 2015, and in December 2015 he was appointed as the new principal. During his six and a half years as principal, he led the school with great success through trying times. Due to poor health, Dr De Wet decided to retire at the end of July 2022.

*He was a beloved and valued colleague. We wish him and his loved ones the very best.*



# Totsiens

## MNR JOHAN STAPELBERG
## HOOF SONITUSSKOOL



Johan Stapelberg is 'n Pretorianer in murg en been, en 'n onderwysmens. Sy loopbaan in die onderwys het 'n paar draaie geneem, maar die deurlopende jare wat hy by 'n skool was, toon sy lojaliteit en diensbaarheid aan die onderwys. Sy eerste benoeming in die onderwys was by Hoërskool Menlopark in Januarie 1979, waar hy begin het as opvoeder vir Afrikaans en later, in 1985, bevorder is tot departementshoof van Opvoedkundige Leiding.

Daarna word hy in April 1991 bevorder tot adjunkhoof by Hoërskool Waterkloof, waar hy ook betrokke was by groot ontwikkelinge. In 1993 is hy bevorder tot senior adjunkhoof by Nuwe Hoop Skool. Daar raak hy betrokke by talle komitees, besture, taakspanne, en rade ter bevordering van LSOB-onderwys. Hy kon in verskeie sportkodes, vir leerders met gestremdhede, atlete tot wennerspodiums lei, en het gedien as voorsitter van die destydse Noord-Transvaalse Vereniging vir Gestremdes, en later van SPDGN (Services to Persons with Disability Gauteng North). In dié tyd word hy as lid van 'n taakspan gestuur na die ISEC (Inclusive and Supportive Education Congress) aan die Universiteit van Strathclyde in Glasgow, Skotland. Hy was ook bevoorreg om besoeke te bring aan verskeie instansies vir LSOB-onderrig in Engeland en Frankryk. Hy het talle opleidingsessies bygewoon rondom die Suid-Afrikaanse Skolewet en verskeie ander onderwysgerigte wette.

In Januarie 2010 word hy gesekondeer na Sonitus as waarnemende hoof, en in Oktober 2010 is hy aangestel as hoof. Hy het steeds betrokke gebly by LSOB-aangeleenthede en het bygedra tot beter subsidiebedelings vir LSOB-skole in Gauteng, wat later ook landwyd 'n impak gehad het.


Hy was ook 'n dryfkrag agter die vestiging van 'n meer omvattende driebaanmodel vir onderwys in Suid-Afrika (CAPS, SID, TOC).

Onder sy leiding is Sonitus vir opeenvolgende jare as Atletiek Skolekampioene aangewys. Hy was betrokke by die Blou Bulle Rugby vir Buitengewone Onderwys (BBRBO) Gauteng-Noord, waar hy ook as voorsitter van dié vereniging gedien het. Hy het gedien as voorsitter van die SAOU se LSOB-belangegroep en lid van die PUR (Provinsiale Uitvoerende Raad) van die SAOU, asook die PUR van FEDSAS vir LSOB-belange.


"My onderwysloopbaan, oor 44 jaar heen, was besonder geseënd, hoewel ook besaai met talle uitdagings. Ek sou niks anders wou gehad het nie. Dankie aan almal wat my lewe intens verryk het. *Soli Deo Gloria.*"

Mnr Stapelberg was 'n geliefde en gewaardeerde kollega wat waardevolle insette vir TOIBO kon lewer. Alle sterkte en seën word hom en sy gesin toegebid.







## DEMOGRAPHIC PROFILES OF THE SCHOOLS 2023




## TOIBO BENEFICIARIES 2023




## DISABILITIES IN OUR SCHOOLS 2023

| | |
|---|---|
| Blindness | 173 |
| Partially sighted | 278 |
| Deafness | 281 |
| Hard of hearing | 33 |
| Learning disabled | 687 |
| Epilepsy | 11 |
| Autistic/Asperger Syndrome | 50 |
| Cerebral palsy | 51 |
| Physically disabled | 19 |
| MID/SID (Mildly/severely intellectually disabled) | 300 |
| Other | 69 |
| **TOTAL LEARNER COUNT OF THE 5 SCHOOLS** | **1952** |

# Sonitus

## Skool vir Hardhorendes

The Sonitus blank canvas for 2022 awaited completion with the lines, strokes and colours to be added by educators, learners and parents. They would fill our year with wondrous moments, completing our masterpiece for 2022.

## BESTUUR

Na 12 jaar by Sonitus, kom ’n hoofstuk vir mnr Stapelberg tot 'n einde en moet ons vaarwel sê. Hy het 44 jaar aan onderwys toegewy, 30 jaar daarvan in gespesialiseerde onderwys. Ons wens hom sterkte en voorspoed toe vir die nuwe hoofstuk in sy lewe.

Die adjunkhoofde, mev Ada Steyn en mej Adele Kemp, sal afwisselend die leierskap van die skool behartig totdat ’n nuwe hoof aangestel is.

## NEW DIVISION

Sonitus started four new classes for learners from Via Nova, who will now be following the DCAPS (Differentiated Curriculum and Assessment Policy Statement) program at Sonitus. The learners contributed to the increase in learner numbers, which is beneficial for Sonitus’s staff provision. The addition did however lead to other challenges, such as an increase in financial and feeding support.





**Ds Esterhuizen (links) oorhandig 'n *Vriend van die Instituut*-sertifikaat aan mnr Stapelberg (regs)**

## SPORT

Met die Covid-situasie wat verbeter het, kon Sonitus weer deelneem aan die jaarlikse Interskole Atletiekbyeenkoms en is Sonitus weer eens as wennerskool aangewys. Vir Sonitus is massadeelname belangrik en dus oefen die atlete soggens om te verseker dat leerders wat vervoerprobleme mag ondervind, ook kan deelneem.

Getalle vir rugby het afgeneem en daarom vorm ons rugbyspelers deel van kombinasiespanne met Transvalia-Skool en Nuwe Hoop Skool. Hierdie samewerking smee ook bande met personeel en leerders van ander gespesialiseerde skole. Gedurende die tweede kwartaal het die dogters netbal gespeel, en Sonitusskool het ’n netbaldag gehou waaraan omliggende LSOB-skole deelgeneem het.

Sagtebalspanne vir seuns het goed gevaar in die hoofstroomliga en het tot die halfeindstryd deurgedring.



## FONDSINSAMELING EN DIE KERSPROJEK

Sonitusskool kry maandeliks die geleentheid om by die Pretoria Oumotorklub fondse in te samel deur middel van die hektoegang, wat deur ons leerlingraad behartig word en toegeken word aan ons behoeftige-leerders-fonds. Daar is ook geleentheid vir die koshuispersoneel om verkope te doen, van pannekoek, worsbroodjies en koffie. Hierdie verkope se fondse word benut om vir elke koshuiskind 'n Kersgeskenkie te koop en hul jaareindafsluiting 'n heerlike bederf te maak. Met 'n addisionele bydrae van 'n anonieme borg, kon elke kind se geskenklysie van drie items aan Kersvader ten minste met twee verwesenlik word.

Blink geskenke, Kersliggies, 'n Kersboom en Kersliedere is vir baie van ons leerders nie deel van hul verwysingsraamwerk nie. Jaarliks bied mev Steyn 'n Kerssangdiens aan waartydens die leerders met 'n klein geskenkie, geborg deur die personeel en 'n anonieme donateur, bederf word.

## KULTUUR

Die leerders se prestasies op kultuurvlak was ook weer uitstekend. Ons leerders wat aan voordrag deelgeneem het, het puik uitslae behaal en verskeie medaljes ontvang. Leerders wat in die kunsafdeling deelgeneem het, se kunswerke was van hoë gehalte en het goed gevaar, met verskeie medaljes wat ontvang is. Tydens die jaarlikse aanbieding van Mnr en Mej Sonitus het die leerders gesprankel op die loopplank en die personeel baie trots gemaak.

## CHALLENGES

We had various serious burglaries where, among other thefts, the school's palisades and electric fences were stolen. To combat burglaries, various security measures were taken. We are grateful to TOIBO for assisting us with the installation of three cameras at the sports fields. The governing bodies of Sonitus School and Transvalia School arranged for the construction of a wall between the schools and the adjacent suburb. The Gauteng Department of Education also erected a wall between Sonitus School, the river and TOIBO's reserve land, which helps a lot to prevent break-ins.

## PROJEK LEERKRAG

Sonitus se personeel het in Oktober Onderwysersdag met behulp van Projek Leerkrag gevier. Elke onderwyser is bederf met 'n melkskommel en 'n spesiale koekie vir 'n Nr 1-onderwyser. Onderwysers, veral in ons milieu, word min bederf, daarom is so 'n geleentheid belangrik, om met 'n klein bederfie vir elkeen dankie te sê en te weet dat die stigters van ons skool ook dankbaar is vir die

Projek leerkrag



leerkragte se bydrae en die uiters belangrike rol wat hulle speel in elke spesiale kind se lewe.

## ACADEMICS

Our learners perform well academically. The three phases we follow – CAPS, TOC (Technical Occupational Curriculum) and SID (Severe Intellectual Disability) – offer every learner a unique opportunity to progress at his or her own pace.

